

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA - MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

22 JULIE 2018 **Nr. 679**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!

Predikant: Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba: Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba: Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Sustersake: Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Admin. Beampte: Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure: Dinsdae, Donderdae & Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00		
Koster: Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres: admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf: www.gkmagalieskruin.co.za	

EREDIENSTE

OGGEND **08:00** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Daniël 1 : 1 - 9
Teks: Daniël 1 : 8, 9
Tema: God roep ons in Christus sodat ons in alle opregtheid deur sy Gees voor Hom sal lewe!
Sang: Ps 116: 1, 10 Ps 119: 23 Ps 138: 1, 3 Ps 138: 4 Sb 13-3 (78)
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Instandhouding van die erediens

AAND **17:45** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Romeine 6 : 1 - 14
Belydenis: NGB Art 15 (2)
Tema: God leer ons deur sy Woord nie net hoe ons deur die geloof na die erfsonde moet kyk nie, maar óók hoe ons deur Hom moet lewe!
Sang: Ps 66: 1 Ps 51: 3 Ps 51: 4 Sb 13-3 (78)
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Evangelisering

SAMESANG: Ps 23: 1, 2, 3 Ps 24: 1, 2, 3 Sb 18-1: 1, 2 (9)

VOLGENDE SONDAG

Onder die erediens – Diens van Barmhartigheid

By die deure	Oggend	Aand
22 Julie	Kerklike tydskrifte	Evangelisering

PREKE OP CD

Plaas u bestelling op GK Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek. Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie. **PREKE OP DIE WEBWERF:** Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

(Efésiërs 6: 12 "Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.")

VIR MEELEWING

Meelewing

- Lily Andrews, dogtertjie van br David (083 645 1585) en sr Thelma (082 785 6903) Andrews wat in die hospitaal is.
- br Jan Langerak (082 821 8153) wat in die hospitaal was.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed); br Andries Nel (Huis Blymoedig), sr Riekie Grobler (Montamed).

Medelye

- Ons dink aan sr Janny Oudtshoorn (012 548 0756) met die afsterwe van haar seun br Anton Oudtshoorn Donderdag.

Die volgende lidmate gaan hierdie week vir mediese prosedures

- Ons dink aan lidmate wat vir mediese prosedures moet gaan.

Baie geluk aan

- br David (083 645 1585) en sr Thelma (082 785 6903) Andrews met die geboorte van klein Logan hierdie week

VERJAARSDAE Mag die Here vir u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Julie	Sondag	22	Martie Brittz	060 991 2066
		22	Marilise Croukamp	073 485 2534
	Maandag	23	Kotie Vorster	083 350 4732
	Dinsdag	24	George Domian	083 273 5722
	Woensdag	25	Miné du Toit	083 395 5332
		25	Bettie Minnaar	083 291 1911
		25	Chris Very	072 132 9527
	Donderdag	26	Zelna Coetzee	083 564 5398
		26	Hanlie Snyman	083 648 8575
		26	Hannes van Tonder	083 469 7996
	Vrydag	27	Annatjie Jacobs	012 548 1531
		27	Heleen Verhoef	082 828 5255
		27	Anna Viljoen	082 214 5586
	Saterdag	28	Andria Albertse	082 298 4299

Enige verandering van u persoonlike inligting

Indien enige inligting van 'n lidmaat verander het soos adres, telefoon, selfoon, beroep of e-pos, vra ons dat u asb die inligting sal deurgee na die kantoor.

NUWE SAKE

Nuwe lidmate

Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Welkom aan die volgende lidmaat wat onlangs by ons aangesluit het!!

Wyk E02 sr Helena Venter 079 579 8525

VEILIGHEID!!!!!:

Op die voorste hoek van die kerkerf: Die deksel van die 'mangat' op die hoek van Stephanweg en Silvergrass Laan is gesteel. Dit is by die Munisipaliteit aangemeld. Die 'mangat' is diep en baie mense, ook kinders, loop daar verby en kan inval.

SAMESANG

Daar is vanaand weer samesang vanaf 17:30 tot 17:40. Kom sing saam!

DAMESOGGEND

Ons susters word weer hartlik uitgenooi na die sestiende jaarlikse gesamentlike Damesoggend op 18 Augustus 2018 om 9:00 by St Mary's Diocesan in Brooklyn – ten bate van die Paul Kruger Kinderhuis.

Ons nooi elke gemeente in Pretoria en omgewing om deel te wees van hierdie heerlike poging. Nie net span ons kragte saam om werklik diensbaar te wees en 'n verskil in kinders se lewens te maak nie, maar ook beleef ons die eenheid van die liggaam van Christus wat op 'n groter terrein as net ons eie gemeentes werksaam is.
Gee asb. u name deur aan Susan Fourie: 082 324 9399 of Elize van der Walt: 082 774 4544

KOFFIE-PROE @ CUPOCAFE – (3 AUGUSTUS 2018):

KOM GENIET DIE AAND SAAM MET ONS!!! Daar word 'n koffie-proe aangebied vir die naskoolse jeug van ons gemeente. Vrydagaand die 3e Augustus word die eerste een van drie verskillende koffie-proe-geleenthede aangebied by Cupocafe koffie winkel by die Kolonnade Retail Park (oorkant die Kolonnade, in selfde sentrum as Westpack & Virgin Active). Kom leer bietjie meer oor die geskiedenis van koffie en die pad na jou koffiebeker! Kinders is welkom! Prys: R90 pp (sluit 'n ligte vingerete óók in). **RSVP asb vóór 31 Julie.** Gee jou naam so gou as moontlik deur vir Ds Gert om teleurstelling te voorkom!

GEMEENTEKAMP 2019

BAIE BELANGRIK!!!!! In die voorportaal (op die kennisgewingsbord) is daar 'n lys met die oog op volgende jaar se gemeentekamp. Gaan skryf asb, **die wat belangstel**, julle name op die lys. Die kampkommissie wil solank 'n idee kry hoeveel lidmate die kamp gaan bywoon! Ons het jou naam nodig om te bepaal WATTER KAMPPLEK gekies moet word asook HOE GROOT die kampplek moet wees.

MOET NIE LAAT SLAAP NIE... SKRYF JOU NAAM OP!!!!

GEREFORMEERDE VRIENDEKRING

Ons September 2018 Midweek!!!

Vir 'n beter prys sal jy dit nooit kry nie. Ons het 20% afslag beding.
Wanneer: 9-14 September 2018.
Plek: WEESGERUS (Modimolle/Nylstroom)
Koste: R2275 per persoon wat deel (Die prys is van toepassing vir 30 persone.)
Bespreek jou plek onmiddelik deur jou deposito van R1140 te betaal.
Die res te betaal voor of op 2 Augustus 2018.
Skakel Mariki 072 980 9287 om jou naam op te sit.
Ons het plek vir 30 mense. Luukse busvervoer, verblyf in chalets, 2 etes per dag.
Kom saam! Sien daarna uit om jou te ontvang.

Beplannings Vergadering:
Vir almal wat reeds aangedui het en vir almal wat beplan om die September 2018 Midweek na Wees Gerus mee te maak.
Waar : Kerksaal GK Montanapoort op 31 Julie 2018 om 10:00. Sien jou daar!

SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!

22 Julie	Wyk	E05	Vakant	29 Julie	Wyk	D02	Hantie Briel
	Wyk	E09	Carla Aucamp		Wyk	E06	Amanda Oelofse
	Wyk	F07	Marietjie Erasmus		Wyk	E08	Vakant

TEESKINK BY KERKRAADSVERGADERING

Die volgende wyke skink tee by die Kerkraadsvergadering van Maandag 30 Julie:

A03	Heleen Verhoef	F09	Ina Cilliers
D03	Hanlie de Bruin	F10	Marthie Degenaar (Peerboom)
D04	Coby Treebus	F11	Henna Venter
F02	Annetjie de Klerk		

KATKISASIE

KATKISASIE

Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 15 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11.
Gr 8-11: Wo 18 Julie: **Onthou asb. jou Bybel, Psalmboek, notaboekie en pen!!**
Vir ons Hoërskool Katkisante:

Gr 8-9: 17:30 – 18:00
Gr 10: 18:00 – 18:30
Gr 11: 18:30 – 19:00 (Belydenisklas)

NASKOOLSE JEUG BYBELSTUDIE

Alle naskoolse jeug vergader elke Woensdag aand om 19:30 – 20:30 by die pastorie.
Almal baie welkom!!

BYBELSTUDIE

GROEP 3 (Stephanus van der Walt: 012 567 2709 / 082 338 3216) Dinsdag 24 Julie om 15:00 in die konsistorie. Tema: Daniël 5,7,9 en12. Studie 5 - 7 volgens Voëlvlug deur die Bybelboeke van Prof GJC Jordaan. 'n Volgstuk kan na die erediens by Stephanus of Fransie van der Walt verkry word, as u nog nie een ontvang het nie. **Almal welkom**. Skakel nou in. Byeenkomste elke tweede Dinsdagmiddag vir 'n uur. Bring gerus kennisse saam.

GROEP 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 25 Julie om 09:30 in die konsistorie. Saam probeer ons om die Psalms beter te verstaan. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

DAGBOEK–DATUMS

Maandag	23 Julie	Admin. Komm.	19:00
Dinsdag	24 Julie	Bybelstudie (Stephanus – konsistorie)	15:00
Woensdag	25 Julie	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30
	25 Julie	Katkisasie (Gr 8 – 11 in die konsistorie)	18:00
Donderdag	26 Julie	Ges. Amin. Komm.	19:00

Ds Gert Erasmus se dagboek

Maandag:	Admin. Komm	19:00
	Pastorale besoek	21:00
Dinsdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
	Besoek Oos-Moot (Susters Voorsitter)	14:30
	Huisbesoek	19:30
Woensdag:	Katkisasie	14:30 – 15:00
	Katkisasie	17:30 – 19:00
	Naskoolse Jeug Bybelstudie	19:30 – 20:30
Donderdag:	Ges. Admin. Komm	19:00
Vrydag:	Voorbereiding	
	Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël	

KENNISGEWINGBORD

GAAN LEES DIE VOLGENDE:

- *26 Julie: Transoranje & 'Touch of Class "Sound of Silence" Concert'*
- *28 Julie: GK Phalaborwa: Plaaskombuis Wildsete*
- *27 & 28 Julie: GK Cachet: Kampus Basaar*
- *28 Julie: GK Lyttelton: Wintermark*
- *4 Augustus: GK Bronkhorstspruit: Dopper Fees*
- *4 Augustus: GK Meyerspark: Sosatiefees*
- *9 Augustus: GK Rustenburg-Wes: Sorina*
- *8 – 12 Augustus: GK Andeon en GK Bergsig: Wildtuinkamp*
- *16 Augustus: GK Oos Moot & GK Kandelaar: Gholfdag*
- *17 Augustus: GK Krugersdorp: Wildsfees*
- *18 Augustus: GK Kameeldrift: Damesoggend*
- *20 Augustus: Reformatoriese Konferensie: VGK Pretoria*
- *1 September: GK Krugersdorp-Wes: Randse Simfonie Orkes*
- *19 – 22 Oktober: Toer na Turkye*
- *19 & 20 Oktober: GK Andeon; GK Bergsig en Dirk Postma – Afr-Duetfees*
- *23 Oktober; GK Randburg: GTV*

Vakante Pos

- ***Ebenhaeser Tuiste vir Bejaardes: Algemene bestuurder***

GEMEENTE–ETE NA NAGMAAL: 19 Augustus 2018

Daar was 'n gemeente opname gedoen die afgelope tyd en die uitkoms was kop aan kop. Met die winter nagmaalete sal die susters die ete maak en in die somer word 'n bring-en-eet beplan. Die besonderhede sal later aan die gemeente deurgegee word.

Op Sondag 19 Augutus eet ons as gemeente weer saam.
Daar is susters wat die ete gaan voorberei en u kan net kom aansit! Omdat ons nie kan verwag dat die kostes uit hulle sakke betaal moet word nie, word 'n bydrae gevra: R50 per persoon, R25 vir kinders onder 12, kleuters onder 2 gratis.

Reëlings:

- Ons kom weer 12:30 in die saal bymekaar.
- U kry: Hoendergereg en rys, 2 groentes, 'n slaai en nagereg.
- U bring: Eie drinkgoed en eie eetgerei (bord, poedingbakkie, mes, vurk, poedinglepel en glas)
- Vul die **skeurstrokie** in en gee (saam met u **geld** asb.) vir Annetjie de Klerk (082 845 3053) of sit in 'n koevert gemerk "Gemeente-ete" en gooi in die kollektesakkie **voor of op** Dinsdag **14 Augustus.**

✂----------

MAGALIESKRUIN GEMEENTE-ETE: 19 Augustus 2018

Ek/Ons wil die ete bywoon

Naam en van _____ Telnr._____

Aantal persone @ R50 _____Kinders onder 12 @ R25 _____Kleuters onder 2 _____

R _____ is ingesluit.